



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE  
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 24 AUGUSTUS 2016 OM 11:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons  
Rdl O M Stemele  
Rdl R F van der Westhuizen  
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:

Rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan lede op die eerste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering na afloop van die Plaaslike Verkiesings.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die komitee is voltallig.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU OP 13 JULIE 2016**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Julie 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 13 JULIE 2016**

5.1/...

### 5.1 ITEM 7.3: NUWE STRAATNAME: PHOLA PARK 2 (16/5/6) (WYK 9)

Die voorsitter hou 'n verslag, soos opgestel deur rdl O M Stemele, aan die komitee voor wat riglyne voorsien vir die ontwikkeling van 'n Beleid insake die Benoeming van Strate en Openbare Plekke.

#### BESLUIT

- (a) Dat die item na die Raad verwys word;
- (b) Dat, in die lig van die vermelde riglyne, aanbeveel word dat die straatname Zatu-en Jacob Zumastrate nie oorweeg word nie;
- (c) Dat opdrag aan die Departement: Ontwikkelingsdienste gegee word om 'n Beleid insake die Benoeming van Strate en Openbare Plekke opgestel word vir voorlegging aan die Raad.

## 6. NUWE SAKE

### 6.1 2015/2016 JAARPRESTASIE-VERSLAE (2/1/4/4/1)

Die Evalueringspaneel het op 22 Augustus 2016 vergader ten einde die 2015/2016 Jaarprestasie-verslae te oorweeg, en word lg. as aanhangsels tot hierdie item vir kennisname ook aan die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorsien.

#### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die 2015/2016 Jaarprestasie-verslae.

### 6.2 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN: PROSESPLAN (2/1/4/4/1)

Alvorens die Raad kan begin met die opstel van sy vyf jaar strategiese plan (GOP), moet 'n Prosesplan in terme van artikel 28 van die Munisipale Stelselwet (Wet 32 van 2000) in oorleg met die plaaslike gemeenskap opgestel word.

Die Prosesplan beoog om die beplanning, opstel, aanneem en hersiening van die GOP te rig, en sluit hierdie proses ook die hersiening van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) in.

Die Prosesplan is met die sakelys gesirkuleer.

#### BESLUIT

- (a) Dat die Prosesplan ten opsigte van die opstel van die 2017-2022 GOP vir Swartland in terme van artikel 28 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad op 31 Augustus 2016;
- (b) Dat die Prosesplan ook die hersiening van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) rig.

### 6.3 MFMA TYDSKEDULE (2/1/4/4/1)

Die Raad moet, alvorens daar begin word met die opstel van sy jaarlikse begroting, 'n Tydskedule in terme van artikel 21 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) opstel.

Die aangehegte Tydskedule moet voor die einde van Augustus 2016 goedgekeur word.

#### BESLUIT

Dat die Tydskedule vir die opstel van die jaarlikse begroting in terme van artikel 21 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad op 31 Augustus 2016.

#### 6.4 MSCOA IMPLEMENTERING VORDERINGSVERSLAG (5/7/1/1MY; 7/1/2/2-2)

Volgens die mSCOA-regulasies moet alle plaaslike owerhede teen 1 Julie 2017 oor 'n finansiële stelsel beskik wat op 'n eenvormige standaard en voorgeskrewe wyse finansiële inligting stoor en verslae genereer.

Die verslag met gepaardgaande aanhangsels het ten doel om lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in te lig aangaande die vordering met die implementering van die mSCOA-vereistes.

#### BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die aangehegte mSCOA Implementeringsplan (*Project Initiation Document*) as Bylae A, die Vorderingsverslag (*Gantt Chart*) as Bylae B en tot watter mate die mSCOA-struktuur die begroting affekteer, as Bylae C.

#### 6.5 ONDERSOEKE NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2001 (5/15/1/5)

Daar is vir die vierde kwartaal (April tot Julie 2016) geen gevalle van vrugtelose en verkwiste uitgawes onder die aandag van die Dissiplinêre Raad gebring nie, en word daar gerapporteer op die vordering van ondersoeke wat reeds aangemeld was.

(Volledige ondersoekverslae is beskikbaar by die kantoor van die Bestuurder: Interne Oudit).

**BESLUIT** (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Augustus 2016)

Dat daar kennis geneem word van die vordering in die volgende sake m.b.t. vrugtelose en verkwiste uitgawes:

- (a) Ongerymdhede met die aankoop van materiaal – in proses, hangende uitslag van die hofsak;
- (b) Onreëlmatige vervoer van tuinvullis – afgehandel; en
- (c) Onreëlmatige vervoer van wendy-huis – afgehandel.

#### 6.6 OPSKORTING VAN SPESIALE VOORWAARDE IN TRANSPORTAKTE: ERF 10364, MALMESBURY (12/2/5/4-8/16)

Op 1 Junie 2015 het die Raad 6 woonerwe geleë te Dalsig, Malmesbury uit-die-hand te koop aangebied.

Mnr S Felix en me B S Braaf-Felix het erf 10364 gereserveer deur die betaling van 'n 10% deposito op die koopprys. Finansiering vir die res van die koopprys is bekom vanaf ABSA HOME LOANS GUARENTEE COMPANY (RF) Edms Bpk (hierna genoem ABSA), maar ABSA is nie bereid om 'n verband te registreer indien die Raad nie bereid is om vrystelling aan ABSA te verleen van die spesiale voorwaardes, soos vervat in klousule B 3.2 (soos aangehaal in die verslag) van die transportakte nie.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat hierdie vrystelling slegs t.o.v. ABSA is, en indien die eiendom verkoop sou word, die voorwaardes weereens van toepassing sal wees.

#### BESLUIT

Dat die munisipaliteit klousule B3.2 van die transportakte ten opsigte van erf 10364, Malmesbury opskort, slegs ten gunste van ABSA HOME LOANS GUARENTEE COMPANY(RF) Edms Bpk.

**6.7 HUUR VAN MUNISIPALE GROND TE MALMESBURY / SWARTLAND VOORTREKKERKOMMANDO (12/2/4-8/4)**

Die Raad verhuur 'n gedeelte munisipale grond (groot  $\pm 2082\text{m}^2$ ), geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury aan die Swartland Voortrekkerkommando. Lg. is begerig om die gedeelte grond vir 'n verdere termyn van twaalf maande te huur.

**BESLUIT**

- (a) Dat 'n gedeelte meentgrond (groot  $\pm 2082\text{m}^2$ ) te Malmesbury, soos aangetoon op die liggingsplan hierby, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word vir 'n verdere termyn van een (1) jaar m.i.v. 1 September 2016;
- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per jaar, vooruitbetaalbaar;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

**6.8 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY PAINTBALLKLUB (17/9/2/R)**

Die Raad verhuur die gedeelte meentgrond bekend as die Bloekombos agter Swartland Hoërskool op 'n jaar tot jaar basis aan die Malmesbury Paintballklub en is lg. begerig om die huurooreenkoms te hernu.

**BESLUIT**

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Malmesbury Paintballklub aangegaan word vir die huur van 'n gedeelte meentgrond, bekend as die Bloekombos agter Hoërskool Swartland te Malmesbury om vir doeleindes van 'n paintballbaan aangewend te word;
- (b) Dat 'n huurtermyn van een jaar, hernubaar by verstryking, vasgestel word met ingang van 1 Augustus 2016;
- (c) Dat die huurgeld op R100,00 per jaar plus BTW vasgestel word.

**6.9 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK-WES (12/1/3/1-11/1)**

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 163, Riebeek-Wes aan me H J C Kriegler op 'n jaar-tot-jaar basis vir doeleindes van die bedryf van 'n poskantooragentskap.

Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2016.

**BESLUIT**

- (a) Dat 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 163, Riebeek-Wes m.i.v. 1 September 2016 uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan me H J C Kriegler verhuur word vir doeleindes van 'n poskantooragentskap;
- (b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek-Wes, die Raad 'n bydrae maak met 'n insentief deur middel van 'n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 per maand plus 14% BTW gevolglik goedgekeur word;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

**6.10 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)**

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 147, Riebeek Kasteel aan me J Jordaan op 'n jaar-tot-jaar basis vir doeleindes van die bedryf van 'n poskantooragentskap.

Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2016.

6.10/...

**BESLUIT**

- (a) Dat 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 147, Riebeek Kasteel m.i.v. 1 September 2016 vir 'n verdere termyn van 12 maande aan me J Jordaan verhuur word vir doeleindes van 'n poskantooragentskap;
- (b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek Kasteel, die Raad 'n bydrae maak met 'n insentief deur middel van 'n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 per maand plus 14% BTW gevolglik goedgekeur word;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

**6.11 UITSTAANDE DEBITEURE – JULIE 2016 (5/7/1/1/MY)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Julie 2016.

**6.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter spreek sy kommer uit dat die versekeraar die uitbetaling van eise verlaag, en bevestig die Direkteur: Finansiële Dienste dat daar eersdaags in gesprek getree sal word met die versekeraar om hierdie aangeleentheid uit te klaar.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

**6.13 AFWYKING VAN VERGRYKINGSPROSEDURES – ADVERTERING VAN POS VAN HOOF FINANSIËLE BEAMPTTE (8/2/2/1)**

Regulasies is ingevolge Staatskoerant No. 37245 gedateer 17 Januarie 2014 afgekondig wat vereistes bevat vir die advertering van die pos van senior bestuurders. Een van die vereistes is dat die advertensie geplaas word in 'n koerant wat beide nasionaal en in die provinsie waar die munisipaliteit geleë is, sirkuleer.

Die pos van Hoof Finansiële Beampte is op 31 Maart 2016 vakant gelaat en moes gevolglik geadverteer word. Die Rapport is die enigste koerant wat aan voormelde vereiste voldoen, en hou die voordeel in dat 'n Engelse advertensie ook in die City Press geplaas word.

**BESLUIT**

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die advertering van die pos van Hoof Finansiële Beampte in die Rapport en City Press;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses vir die advertering van die pos van Hoof Finansiële Beampte in die Rapport en City Press vir die bedrag van R52 859.52 (BTW ingesluit);

6.13/...

- (c) Dat die advertering teen die advertensiepos, posnr. 11-48-52-00-0812 gedoen word;
- (d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **6.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN WATERPYP, STASIESTRAAT, MOORRESBURG (6/1/2/1)**

Die waterpyp in Stasiestraat, Moorreesburg voorsien water vir 'n groot gedeelte van die nywerheidsgebied, sowel as 'n gedeelte van die Rosenhof-woongebied.

Die pyp, sowel as die brug waaraan die pyp vas is, word herhaaldelik beskadig deur swaarvoertuie wat vanaf Stasiestraat in Rivierstraat indraai. Dit is dus noodsaaklik dat die pyp met 'n spesiaal vervaardigde permanente staalpyp vervang word. Hierdie vervanging word as dringend beskou, aangesien dit blyk dat die pyp wat tydelik herstel is enige dag kan meegee en 'n verlengde diensonderbreking tot gevolg sal hê.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende herstel van gedeelte waterpyp in Stasiestraat, Moorreesburg ten bedrae van R39 934.00 (BTW uitgesluit), aangesien die beskadiging tans as 'n noodgeval hanteer word;
- (b) Dat die vervaardiging van die spesiale passtuk deur *Tricom Africa* hanteer word;
- (c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat die herstelwerk kan voortgaan deur *Tricom Africa* vir die bedrag van R39 934.00 ( BTW uitgesluit ) aan te stel en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 77-92-300-0027-6;
- (d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **6.15 VERSLAG OOR GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSPROJEKTE 2015 – 2016 UITKOMSTE EN IMPAK (17/2/2)**

Die verslag het ten doel om te rapporteer aangaande die uitkomst en impak van die gemeenskapsontwikkelingsprojekte ingevolge die *Swartland Municipal Social Development Policy and Strategy, 2013* oor die afgelope jaar volgens die vyf fokusareas en kernprestasië-indikatore, naamlik:

- (1) Vestiging van kindersorgfasiliteite en die bevordering van kinderonwikkeling;
- (2) Bevordering van jeugontwikkeling;
- (3) Bevordering van samewerking en koördinerende van gemeenskapsontwikkeling;
- (4) Bevordering van toegang tot die ekonomie;
- (5) Steunwerwing vir die kwesbares.

6.15/...

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem dat daar beoog word om die beleid gedurende die 2016/2017 finansiële jaar te hersien.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die uitkomst en impakte van die gemeenskapsontwikkelingsprojekte vir die 2015/2016 finansiële jaar;
- (b) Dat die Gemeenskapsontwikkelingsafdeling voortaan op 'n jaarlikse basis teen Augustus verslag sal doen aangaande die uitkomst en impakte van gemeenskapsontwikkelingsprojekte vir die voorafgaande finansiële jaar.

**6.16 MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL: VERLENGING VAN TERMYN (3/2/4)**

Die Munisipale Beplanningstribunaal van Swartland Munisipaliteit is op 22 Julie 2015 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ingestel.

Daar is besluit om die lede slegs vir 'n termyn van 'n jaar aan te stel, aangesien die hantering van grondgebruik- en ontwikkelingsaansoeke ingevolge SPLUMA en LUPA 'n nuwe uitdaging vir munisipaliteite bied, met die opsie om die termyn te verleng.

**BESLUIT**

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die termyn van eksterne lede van die Swartland Munisipale Beplanningstribunaal ingevolge artikel 37 van SPLUMA as volg te verleng:
  - (i) Mnr C Rabie tot en met 30 September 2018;
  - (ii) Mnr W Steyn tot en met 30 September 2018;
  - (iii) Mnr W de Kock (as sekundi) tot en met 30 September 2018;
- (b) Dat die lede dienooreenkomstig in kennis gestel word.

**6.17 NUWE TARIEF: IN TERME VAN DIE VERORDENINGE INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKSBEPLANNING: VRYSTELLING VAN SEKERE ONDERVERDELINGS EN KONSOLIDASIES (5/4/1/1) (WYKE 1-12)**

Die nuwe Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning maak voorsiening vir 'n aantal verskillende tipes grondgebruikaansoeke, wat verder noodsaak dat verskillende tariewe vasgestel moet word ooreenkomstig die administratiewe handeling wat vereis word om met die aansoek te handel.

Daar is nog nie 'n tarief vasgestel vir vrystelling van sekere onderverdelings en konsolidasies ingevolge artikel 24 van die Verordening nie. Die administratiewe handeling hiervoor kan effektief en spoedig afgehandel word en word –

**BESLUIT** (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Augustus 2016)

- (a) Dat die Raad oorweging daaraan verleen om 'n nuwe tarief vir die vrystellings van sekere onderverdelings en konsolidasies ingevolge artikel 24 van die Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning goed te keur, naamlik – R590,00, synde 50% van die normale onderverdelingsaansoek van R1 180,00;
- (b) Dat die nuwe tarief met onmiddellike effek na goedkeuring geïmplementeer word.

**(GET) T VAN ESSEN  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**